GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 29/2021 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 22 Oktober 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Henry Adams (1838-1918) het die volgende oor leer gesê: *"Hulle wat daarvan hou om te leer, sal altyd genoeg weet."*

Ouers en leerlinge, dis tog lekker om iets oor iets te weet, geïnteresseerd, nie noodwendig nuuskierig nie. Sal dit nie vir ons ouers 'n groot gerusstelling wees om te weet dat my kind leergierig is nie, ai, die realiteite is, almal kan en sal nie so wees nie. Kinders, verras julle ouers, daar is vandag soveel soekstelsels, dat ons geen verskoning het om inligting te versamel en te bestudeer nie. Stel julle die volgende voor: kinders ken hulle skoolwerk so goed soos hulle die verskillende liedjies se woorde in 'n ongelooflike kort tyd aanleer. Ons as volwassenes was sekerlik ook almal hieraan skuldig.

Baie geluk aan ons leerlinge en ouers wat almal vereer is tydens die prysuitdeling. Ons is saam met julle trots op hierdie mooi prestasies. Baie geluk aan ons leiers wat verkies is, ons wens julle baie sterkte en voorspoed toe met julle nuwe termyn. Ons vertrou dat julle as leerlingleiers pragtig sal ontwikkel en tot diens van julle maats en ons skool sal wees.

Daar is 3 weke oor waarin ons leerlinge die kurrikulum van 2021 sal afhandel. Harde werk om voorbereid te wees vir die eksamen moet julle elkeen se eerste prioriteit wees. Die teiken waarna ons streef, is dat ons 'n 100% slaagsyfer in al ons grade het. Alle leerlinge bereik ons skool as 'n geslaagde vanuit die verskillende laerskole. Dit gebeur dat enkeles hier by ons vasval. Ons glo ook dat indien 'n leerling in graad 8 by ons slaag, ons daarin slaag om hulle in graad 12 te laat slaag. Ongelukkig gebeur dit dat enkele leerlinge hardnekkig vasklou aan 'n verkeerde vakkeuse, ten spyte van aanbevelings van die skool om dit te verander. Ons wil al ons ouers en leerlinge baie sterk aanmoedig om na die aanbevelings van die betrokke onderwysers te luister. Ons is almal verskillend aangelê om iets te doen, die ideaal is om dit na te volg.

Dis hierdie naweek 'n tuisnaweek, ons gun ons ouers wat ver woon 'n geleentheid om saam met julle kinders te wees. Die naweek van 29 Oktober tot 1 November is 'n langnaweek. Maandag 1 November is 'n openbare valansiedag a.g.v. die plaaslike verkiesings. Ons moedig ons leerlinge wat reeds 18 jaar oud is en geregistreer is om aan die verkiesing deel te neem, om julle stem uit te bring.

Die graad 12's begin almal op 27 Oktober met hulle eindeksamen, nadat heelwat leerlinge reeds hierdie week met twee praktiese komponente begin het. Alle voorspoed met julle laaste skooleksamen. Harde werk word altyd beloon. Hulle laaste skryfsessie is op 1 Desember wanneer almal Afrikaans Huistaal skryf. Alle leerlinge kan ook van die volgende kennis neem: matrieks is tot en met hulle laaste skooldag onderhewig aan die gedragskode van die skool. Dit stel jou op jou gemak, dit gee vir jou sekuriteit en 'n gerusstelling sodat jy slegs op een aspek, naamlik studeer, kan fokus.

Aangeheg die reëlings t.o.v. die eksamen vir die matrieks soos ontvang vanaf die WKOD.

"Kandidate moet tot op die laaste dag van die skoolkwartaal (10 Desember 2021) beskikbaar wees ingeval dit, om watter rede ookal, nodig is om die aflê van 'n spesifieke eksamenvraestel te herskeduleer."

Geniet julle naweek.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 22 Oktober: Dag 1
TUISNAWEEK

Saterdag 23 Oktober:
TUISNAWEEK
o/15-krieket teen Hoërskool Oudtshoorn (T)
o/19-krieket teen Oakdale (W)

Sondag 24 Oktober:
Mnr. H. van den Bergh verjaar
TUISNAWEEK

Maandag 25 Oktober: Dag 2
Koshuiskomiteevergadering: 08:30
Hertoelating- en betaalwysevorms vir koshuis 2022 inhandig by superintendente.

Dinsdag 26 Oktober: Dag 3

Woensdag 27 Oktober: Dag 4
Matrieks: NSS-eksamen begin

Donderdag 28 Oktober: Dag 5

Vrydag 29 Oktober: Dag 6

Saterdag 30 Oktober:
o/15-krieket teen Oakdale (T)
o/19-krieket teen Sentraal (W)

2. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die week verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

24 Oktober: Pieter Laubscher
Ryan-Gordon Viljoen
26 Oktober: Gerrit Maritz
Heinrich Viljoen
27 Oktober: Schalk Conradie
CJ Schoeman
Jarrod Saaiman

3. BLOEDSKENK: 28 OKTOBER 2021

Die datum vir bloedskenk het verskuif na Donderdag 28 Oktober 2021 vanaf 09:00 tot 13:30. Slegs vir die gr. 10- en 11-leerders, personeel, ouers en belangstellendes. Bring asseblief jou skenkerskaart en/of identiteitsdokument saam.

4. SKOOL- EN KOSHUISGELDE: 2022

Tydens die begrotingsvergadering op 23 September 2021 is dit deur ouers goedgekeur dat die skool- en koshuisgeld vir 2022 soos volg sal wees:

Skoolgeld:

R17 600 per leerder per jaar.
Eerste paaiement: R1 800
Per maand (10 paaiemente): R1 580
Per kwartaal: R3 950

<u>Bankbesonderhede</u>:

ABSA – Rekeningnommer: 105 885 0256
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

Koshuisgeld:

R27 200 per jaar + R100 koshuisfonds
Per maand (10 paaiemente): R2 720
Per kwartaal: R6 800
Breekskade vir eerste toetreders: R500

Bankbesonderhede:

ABSA – Rekeningnommer: 105 886 0251
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: Soos op rekeningstaat

5. HERTOELATINGSVORM TOT DIE KOSHUIS 2022

Die koshuisleerders ontvang vandag die hertoelatingsvorm tot die koshuis vir 2022. Voltooi dit asseblief en stuur terug na die onderskeie koshuissuperintendente op Maandag 25 Oktober 2021.

6. KLAVIERE OP TENDER TE KOOP

Die skool besit twee ou klaviere wat op tender beskikbaar is. Hierdie klaviere kan by Aristo laerskoolkoshuis se voordeur, by me. Laura Opperman op Vrydag 29 Oktober vanaf 13:30 tot 14:00 besigtig word. ’n Tenderbedrag kan per klavier in ’n geseëlde koevert by die ontvangs van die skool ingehandig word vanaf Dinsdag 2 November tot Donderdag 4 November wanneer alle tenders om 15:00 sluit. Die koevert kan geadresseer word aan: Die Skoolhoof: Klavier

7. UITSLAE

FIETSRY

Louis Venter en Zoé Arndt het Sondag aan die Timbercity Padfietswedren deelgeneem en uitslae is as volg:

Louis Venter – vierde plek
Zoé Arndt – eerste plek

Albei is ook aangewys as Oudtshoorn se Jeug- en Junior-Padfietskampioen vir die jaar. Baie geluk!

WES-KAAP SKAAKPROEWE: 22 – 23 OKTOBER 2021

Luzandri Kuyler neem die naweek aan die Wes-Kaap skaakproewe deel, nadat sy verkies is tot die Eden skaakspan. Baie geluk en baie sterkte!